



## TOULEIER



## Ek verskyn voor die Staatsaanklaer . . .

**My storie as vermeende dwelmsmokkelaar tot dusver:** Ná 'n nag van aanhouding en ondervraging oor twee pakkies Syndol wat ek per pos laat kom het, daag daar vir my 'n besoeker op. **Lees nou verder.**

**D** Is Kamermaatjie! Sy bring vir my 'n oortrekruijtjie, 'n toebroodjie, my selfoonlaaier, 'n paar Sudukos en my voorskriepille. Die wagte laat als toe behalwe die selfoonlaaier. Dis 'n gatslag want die foon is naby aan dooi. Met bewelippies en 'n traantjie of twee wat biggel neem ons afskeid en ek en die jong Katari word weer herenig onder die wakende oë van 'n paar wagte.

Tienuur kom haal hulle ons albei. Sy silwer *bangles* word weer aangesit en hulle mik my kant toe, ook met 'n paar boeie. Die vriendelike wag tree tussenbeide en beduie dit sal nie nodig wees nie. Ek gee hom 'n dankbare blik. Hierdie keer word ons in 'n dubbelkajuit-vangwa gelaai. Ek kry darem dié keer plek op 'n sitplek, die jong lapkop word agterin geboender. Ons stop honderd meter verder by die tronk en die Landcruiser word gatkant eerste ingetrek tot teen 'n staal dubbeldeur.

Hulle laai nog twee gevangenes op wat aan mekaar geboei is. Die twee lyk maar erg gehawend. Die ouer een is jou tipiese stoppelbaard werkersklas Arabier, geklee in die gebruikelike effekleurige tweestuk-broek en oorhang lapjurk wat hulle in hierdie wêrelddeel dra. Sy jong aangehegte metgesel is óf Nepalees óf êrens daar naby.

Ons vleg deur die oggendverkeer met die tipiese minagting van die gereg vir res van die padgepeupel se regte. Op die vierde vloer van die openbare aanklaer wag ons vier plus ons wagte ons beurt af om voor hom te verskyn.

Lapkop gaan eerste in. Arabier lê teen sy maatjie se skouer en kreun en prewel aanhoudend. Sy mond hang oop en drade kwyl loop van sy ken af. Dan kry hy wat lyk soos 'n epileptiese aanval. Hy ruk en pluk en hou sy maag vas. Die wagte het hul hande vol om hom tot bedaring te bring.

Een vir een word ons gehaal. Ek is heel laaste, ná die middagbidsessie. Teen hierdie tyd het ek my storie al soveel keer in my kop herhaal en hersien dat ek nie meer seker is ek gaan samehangend en oortuigend voorkom nie.

Die staatsaanklaer se kantoor is luuks gemeubileer en het 'n diep sagte volvloermat. Die gebruikelike foto's van die emir en sy opvolger hang in swaar, goue rame teen die muur.

Die staatsaanklaer is 'n jong man en geklee in die nasionale drag van Katar. Baie netjiese hooftoisel met twee swart toue en tassels wat oor sy skouer hang. Langs sy deftige lessenaar sit nog 'n kêrel voor 'n skootrekenaar.

Ek word beduie om stelling in te neem op die stoel voor die lessenaar. Die wagte wyk. Op die lessenaar pryk my twee swart skoene en langs hulle die twee pakkies Syndol.

"Verkies jy dat ons vir jou 'n vertaler kry?" vra hy in goeie Engels. Vinnig antwoord ek dat dit nie nodig sal wees nie, ek verstaan hom heel goed. As hulle nou eers iemand moet laat kom, is die kans goed dat ek nog 'n dag hier gaan deurbring.

"Nou maar goed, vertel my jou storie," en hy beduie na die pakkies pille.

Soos ek praat, vertaal hy in Arabies aan sy assistent, wat dan als intik op die rekenaar. Toe ek afsluit met hoe ek dit nooit sou doen as ek geweet het dis teen die wet nie, antwoord hy my: "Onkunde is nie 'n verskoning voor die gereg nie."

Hy tel die een skoën op en steek 'n pakkie Syndols daarin. "Jy besef natuurlik hoe verdag dit lyk dat jy juis jou pille versteek het binne 'n paar ou skoene?" Hy kyk my vas in die oë.

"Dis tipies wat 'n smokkelaar sou doen om snuffelhonde van die spoor af te gooi." Ek besef skielik hoe dit uit sy oogpunt moet lyk.

**Lees volgende keer verder...**

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

# Om die kampvuur

## Harry, die Christen-terroris

Deur LAPPE LAUBSCHER

Nou die aand word die storie my om 'n etenstafel vertel. 'n Groep van my dogter en haar man se vriende, 'n jonger geslag, het my verduidelik hoe hulle die bosoorlog beleef het. Die oorlog wat ons geslag geglo het ons veg om 'n Christelikebeskawing in suider Afrika te behou.

Chappie het vertel van die avonture 'n gay in die oorlog. Sy eie storie. Die humor en die intense hartseer.

En toe dop hierdie verhaal uit. 'n Ware verhaal. Die verhaal van 'n kapelaan op die grens. Ek gaan hom Sebastiaan noem.

Sebastiaan het gaan teologie swot omdat hy geglo het die Heilige Gees het hom geroep. Aan die einde van sy studies het hy sy oproepinstruksies ontvang. Hy sou as kapelaan twee jaar militêrediensplig moes kom verrig.

Sebastiaan de Lange was opgewonde oor die geleentheid. Hy sou daar wees omte ondersteun en te bemoedig. Hy sou in die voorste linie met die Bybel onder sy arm wees. So het hy gedroom.

Die werklikheid was anders. Daar was kerkparades. Daar was ook drinkparades. Daar was gewondes wat hy moed moes in praat. Daar was ook dié wat gesneuwel het. Vir hulle ouers moes hy briewe skryf.

"Jou seun was dapper. Hy was 'n leier en voorbeeld vir sy kamerade. Julle kan trots wees op hom. Hy het sy lewe vir sy land en sy God gegee." So het hy geskryf. Sebastiaan het begin wonder oor die betekenis van alles.

En toe een dag toe Sebastiaan nog so lê en wonder storm 'n medic sonder om te vra sy tent binne.

"Luitenant daar is 'n terroris onder daai boom daar buite. Ons het hom vodde geskiet, maar hy leef nog. Ek dink hy yl. Hy vra hy wil met 'n predikant praat. 'n Afrikaanse predikant."

Sebastiaan neem instinktief sy Bybel en stap na die boom wat die medic vir hom uitgewys het. Toe hy by die man kom kneel hy langs hom.

Hy besef die terroris is 'n Ovambo.

"My naaam is Harry. Ek wou graag help om my land te bevry. Maar nou gaan ek sterf. Ek wil asseblief nog een keer Psalm 23 in Afrikaans hoor," prewel hy.

Sebastiaan lees. "'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen; Hy lei my in die spore van geregrigheid, om sy naams ontwil. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my..."

Harry sug hard en toe val sy kop terug. Sebastiaan sug, hou op met lees, staan op, loop weg, weg na 'n wêreld wat niemand hom ooit van vertel het nie.

Om die tafel sug ons. En drink toe 'n glasie op Harry. Harry, die Christen-terroris.

## Die herkoms van ons gesegdes (9)

**Kind: Geen kind of kraai hê nie;** nóg kind nóg kraai hê (niemand hê om voor te sorg nie; ook, alleen wees in die wêreld)

Die uitdrukking het 'n baie interessante maar wrede herkoms. In Middel-nederlands was die uitdrukking kind **no craet**, en die craet was die gekraai van die haan. Die kraai in die Afrikaanse idioom het dus niks te make met die voël wat so kan kras nie. Vroeër eeue is mense voor die hof gesleep as hulle nie hulle skuld kon betaal nie, en dan in die tronk gestop totdat hulle dit kon doen. As hy nie kind gehad het nie, het dit beteken dat daar niemand was, nie eers 'n familielid, om namens hom te praat nie. As jy nie hanekraai het nie, beteken dit logieserwys dat jy nie eers 'n haan het nie, en die haan was 'n simbool van besittings: selfs die armste mens het darem altyd 'n haan gehad. As jy dus **no craet** gehad het, het die hof geweet dat jy nie 'n duit of dubbeltjie het om te betaal nie.

**SPESIAAL VIR DIE MANS****Die verskil tussen  
JAG en SEKS****Ingestuur deur Johann Mostert**

1. Maak nie saak hoeveel wyn jy gedrink het nie, jy bly lus vir Jag.
2. 'n Mens kan heel dag en heel naweek Jag.
3. Jy hoef nie jou Jagtydskrifte weg te steek nie.
4. Die Tien Gebooie verbied nie Jag met verskillende Jagmaats nie.
5. Jou Jagmaat is nie gepla oor jou vorige Jagmaats nie.
6. Dis heel aanvaarbaar om saam met 'n totale vreemdeling te Jag.
7. Jy sal nie blind word as jy alleen Jag nie.
8. Daar is geen aansteeklike Jagverwante siektes nie.
9. Jy hoef nie Jag op te gee wanneer jou Jagmaat belangstelling verloor nie.
10. Jy sal nooit jou Jagmaat hoor sê: "Wat? wil jy alweer Jag? Ons het dan net laas week gejJag. Is Jag AL waaraan jy kan dink?"
11. Om veilig te Jag stel jy net die geweer op veilig.
12. Jy kan foto's van jou Jag op Facebook sit.
13. Jy kan met verskillende gewere Jag.
14. Jy kan jou werksvriende saamnooi op 'n Jag.
15. Jou Jagmaat raak self lus vir Jag.
16. Sommige vrouens geniet ook Jag.
17. Oupa kan ook nog Jag.
18. Jy kan gelyktydig saam met verskeie Jagmaats Jag 19. Jy hoef nie te trou omdat jy Jag nie!

As jy wil kan jy al die woord "Jag" vervang met Hengel.

**Mans kan net nie Hengels raak nie.**

**Ek en my Baas**

As ek lank besig is met my werk, is ek OUD of STADIG.

As my baas lank besig is, is hy DEEGLIK.

As ek nie iets wil doen nie, is ek LUI.

As my baas nie iets wil doen nie, is hy te BESIG.

As ek iets uit my eie doen, is ek WINDGAT.

As my baas iets uit sy eie doen, gebruik hy INISIATIEF.

Wanneer ek by my besluit volstaan, is ek HARDEGAT.

Wanneer my baas by sy besluit volstaan, is hy FERM.

As ek my baas gelukkig maak KRUIP EK GAT.

As hy sy baas gelukkig maak gee hy sy SAMEWERKING.

As ek in my werk vooruitgaan is ek die baas se WITBROODJIE.

As my baas in sy werk vooruitgaan is hy HARDWERKEND.

As ek die reëls nie nakom nie, VAT EK KANSE.

As my baas die reëls nie nakom nie is HY OORSPRONKLIK.

As ek siek is, is ek DRONK.

As my baas dronk is, is hy SIEK.

Het julle ook sulke base gehad?

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## VEGETARIËR

**Outydse  
skelwoord vir  
'n idioot wat  
nie kan jag  
of visvang  
nie**



## GELOOFWAARDIG

Jannie kom by die huis ná Sondagsskool en vertel:

"Juffrou het gesê: 'Moses het by die rivier gekom, 'n brug gebou en vinnig oorgetrek saam met die Israelite. Toe die Egiptenaars agterna jaag oor die brug, blaas sy genie-troepe dit vinnig weer op en al die Egiptenare verdrink.'"

Mamma vra geskok: "Het Juffrou dit regtig so vertel?"

Jannie: "Nee Mamma, maar soos Juffrou dit vertel het, sal Mamma dit nooit glo nie."

## NUTTELOOS

Die bejaarde egpaar het op straat gestap toe 'n voël oor hulle vlieg en op die tante se kop tjorts.

"Gou!" sê sy. "Kry gou 'n lappie!"

"Hoekom?" vra die oom. "Daai voël is mos nou al ver weg."

## ALLEENSPRAAK

'n Ou man het straataf geloop en vreeslik hard gepraat. Niemand het van hom notisie geneem nie.

'n Nuweling op die dorp het iemand op die sypaadjie gestop en gevra wat aangaan.

"O, dis sommer net ou Sarel," het hy gesê. "Moenie jou aan hom steur nie. Hy gesels altyd so met homself."

"Maar hoekom praat hy so geweldig hard?" wou die vreemdeling weet.

"Ou Sarel is 92," het die inwoner gesê, "en hy is baie doof."

## HET JY GEWEET?

1. Moslems erken nie Jode as God se uitverkore volk nie.
2. Jode erken nie Jesus as die Messias nie.
3. Protestante erken nie die pous as Christelike leier nie.
4. Lede van die NG Kerk herken mekaar nie by Teazers nie.

**Roivleis is nie sleg vir  
jou nie.  
HARIGE GROEN VLEIS IS.**

## KORTETJIES

- Geld is nie alles nie, maar dit help jou om kontak met jou kinders te behou.
- Ons word kaal, nat en honger gebore. Dan raak dit erger.
- As blondines meer pret het, weet hulle dit?

## ANDY CAPP deur Smythe



# Duskantlander in Anderkantland

## In die Soedan stort jy vinnig!

Deur Quazanne van der Bijl

In die somer is dit eintlik lekker dat Quazanne van der Bijl op haar eentjie in die Soedan is. Sy moet nou wel op haar eie met die kultuurverskille en vreemde omstandighede in dié oorloggeteisterde land regkom, maar sy hoef nie haar kosbare koue stortwater met iemand te deel nie.

“Die Soedan is baie warm,” gesels sy via e-pos, “en dis maar ’n gesukkel om te probeer stort in die somer. Selfs met die warmwatersilinder af is daar net genoeg semi-koue water om vinnig nat te word. Dan moet jy die kraan toedraai, vinnig seep en sjampoe, en dan weer oopdraai en gou afspoel. Enigsins langer en die water is kokend warm!”

Quazanne gee skool by ’n internasionale skool en vind die finansiële vryheid wat hierdie werk haar bied ’n groot pluspunt teenoor haar bestaan in Suid-Afrika.

“Hoewel ek ’n goeie werk in Suid-Afrika gehad het, het ek baie gesukkel om al my onkoste met my salaris te dek. Hier is die lewe maklik in die sin dat die skool alles reël – van ligte omruil by die huis tot die motor se diens en lisensies.

Ek hoef my nie meer te bekommer oor geld nie, ek kan nou spaar en myself nou en dan bederf. Die geleenthede is baie beter in die buiteland en ek geniet dit om die wêreld te sien.”

Quazanne mis haar vriende in Suid-Afrika, want die sosiale lewe in die Soedan is ’n uitdaging.

“Drank is glad nie hier beskikbaar nie. Daar is volop restaurante en koffiewinkels, maar as jy ’n bietjie wil kuier, moet jy wag tot die Britse of Amerikaanse ambassade iets reël – maar eers moet jy op een of ander manier op hulle lys kom! Om by die partytjie in te gaan moet jy ’n afskrif van jou paspoort ingee en jou handsak word geskandeer, byna soos op ’n lughawe.

“Die ambassades het gereeld partytjies gehou, maar met die onlangse onrus in die Soedan gebeur dit baie minder.”

Volgens haar is die plaaslike mense vriendelik en hulpvaardig, maar taal kan nogal ’n kwessie wees.

“Die mense praat Arabies en ek moes ’n paar woorde leer om oor die weg te kom. Ek vat altyd ’n lys van hoeveelhede in syfers, Arabies en Engels saam met my sodat verkopers pryse kan aandui.”

Sy het nie veel van die Soedan geweet voor sy daarheen verhuis het nie en het eerder op haar navorsing gefokus op die skool waar sy sou werk.

“Dit was ’n effense skok om hier te land, maar ek het gou my pad gevind en geniet Khartoem nou ten volle. Ek glo vas ’n mens maak die beste van jou situasie en om net die lewe te vat soos dit kom.”

Haar raad: “Leer die plaaslike mense ken en respekteer hul kultuur en gewoontes. Onthou, jy is ’n gas in hulle land.”

Sy sê die Soedan is onder sanksie, daarom is gewone goed soos gesigroom en haaropknapper skaars en duur. As jy ’n vrou is, kan jy maar vergeet van ’n haarkapper. Tandartse is duur maar baie goed, maar hospitale is derdewêrelds.”

“Ons skool het ’n perdryskool as deel van die struktuur en as onderwyser kan ek klasloop teen ’n baie billike prys. Ek wou nog altyd perdry en nou kan ek al *trot*, *canter* en selfs ’n bietjie spring!”

### DIE SOEDAN IN SYFERS

- Geldeenheid Soedanese Pond (SDG)
- Gewone brood SDG6 (R12)
- Bier (uiters skaars) SDG20 (R40)
- Koppie koffie (latte) SDG15 (R30)
- Petrol SDG1,60 per liter (R3,30)

**Volgens die jongste opname van SA Statistieke maak drie uit elke vier mense 75% van die bevolking uit.**



# Vreemde padreëls



- ❖ Om 'n voetganger in Beijing te wees is erg – jy kan net sowel nie bestaan nie. Hoewel daar wat ons in Suid-Afrika sebra-oorgange vir voetgangers is, kan motoriste wat by een stilhou 'n waarskuwing of 'n boete kry. Presies die teenoorgestelde geld Switserland, waar voetgangers altyd die voorkeur kry. Hulle mag selfs voor 'n kar instap.
- ❖ In die Filippynse hoofstad, Manila, is die verkeer so erg dat hulle nommerkodes moes skep. Byvoorbeeld as jou nommerplaat op 1 of 2 eindig, mag jy net op Maandae ry.
- ❖ As jy effens van 'n sloerie is, moet jy gou aanpassings maak as jy Rusland of Roemenië besoek. Die verkeersreëls verbied jou om met 'n vuil kar te ry.
- ❖ In Spanje is dit goed as jy met jou voorskryfbril bestuur - maar net nie goed genoeg nie. As jy nie te alle tye 'n spaarbril by jou het nie, kan jy probleme optel.
- ❖ Hou jou oë wyd oop as jy die stad Mekka in Saoedi-Arabië nader, want daar is twee hoofweë: een vir Moslems en een vir nie-Moslems. Omdat nie-Moslems nie in die heilige stad toegelaat word nie, neem hierdie hoofweg jou rondom die stad. Kies jy die verkeerde een kan jy selfs gedeporteer word.
- ❖ Eens op 'n tyd was dit in Brittanje wettig as 'n man in die openbaar urineer - solank dit op die kar se agterwiel was en hy sy regterhand op die motor se bakwerk gehad het.
- ❖ Maar die VSA is loshande die land met die simpelste verkeersreël. In Alabama mag jy nie met 'n blinddoek bestuur nie. Kan jy nou meer!
- ❖ En in Denver, Colorado mag jy nie op Sondag met 'n swart motor ry nie - hy moet in jou garage wees . . .

## Ons oumense is nie skuldig nie

**Die skuld vir alles wat in die wêreld skeef loop - werklik of denkbeeldig - word op ons gepak. Maar ek wil net uitwys dat dit nie ons was wat:**

- Die melodie uit musiek gehaal het nie.
- Die trots uit voorkoms gehaal het nie.
- Die beleefdheid uit motorbestuur gehaal het nie en ook nie die romanse uit die liefde nie.
- Ons het nie die verantwoordelikheid uit ouerskap gehaal nie, en ook nie gevoel van saam wees uit die gesin nie.
- Ook nie die leer-aspek uit onderwys nie
- Of die diens uit patriotisme of die goue reël uit die reëlboek nie.
- Ons is ook onskuldig aan die verlies van beleefdheid, die swak toewyding aan beroepe, die verbastering van ons taal en die wysheid uit besteding.
- Dis beslis ook nie ons wat geduld en verdraagsaamheid uit verhoudings en ons interaksie met ander mense gehaal het nie.

**Twee besoekers uit die buitenste ruim land in die Arizona-woestyn by 'n vulstasie wat vir die nag gesluit het.**

**Hulle stap na en van die petrolpome en sê: "Wat ons na jou leier, ons wil hom ontmoet."**



Die petrolpomp het natuurlik nie geantwoord nie.

Die jongste besoeker het hom bloedig vererg hieroor, maar die ouer een het hom tot kalmte gemaak.

Die jongste een het hom vernontagsaam en die pomp weer gegroet. Geen antwoord. Toe ruk hy sy straalgeweer uit: "Gegroet, aardbewoner! Ons kom in vrede. Neem ons na jou leier, of ek skiet!"

"Moenie dit doen nie," het die ouer een gesê. "Ek dink hy sal sy moer strip as jy skiet."

"Bog!" sê sy maat, en trek 'n skoot af.

Daar is 'n geweldige ontploffing. 'n Massiewe slag het hom van sy voete geruk en 'n brandende vuurbal het op hom afgerol en hom in 'n brandende, rokende gemors 200 meter ver in 'n kaktusbos gegooi.

'n Halfuur later het hy sy bewussyn herwin, sy drie oë gefokus, sy gebuigde antenna reguit gemaak en opgekyk na die ouer wese, wat oor hom gestaan en sy groot, groen kop geskud het.

"Wat 'n woestaard!" het die jonge gesê. "Hy het my amper vermoor! Hoe het jy geweet hy kan so gevaarlik wees?"

Die ouer een het oor sy vriend gebuig en sy een voeler op hom geplaas. "Wel, as daar een ding is wat ek op ons intermelkwegreise geleer het, is dit dat jy nie sukkel met 'n man wat sy stingel oor sy skouer kan gooi en die punt dan in sy oor druk nie."



Na 50 jaar se getroude lewe het ek eendag aan my vrou gesê:

"Vyftig jaar gelede het ons 'n goedkoop huis gehad, met 'n skedonk gery, op 'n sofa geslaap en 'n wit-en-swart TV-stelletjie gehad. Maar ek het elke aand by 'n vuurwarm 23-jarige in die bed geklim.

"Nou het ons alles wat ons wil hê: huis, kar, geld, maar ek deel dit bed met 'n 73-jarige. Jy het nie jou kant gebring nie . . ."

My vrou is 'n redelike mens. Sy sê toe ek kan vir my 'n warm 23-jarige dingetjie loop soek. Sy sal seker maak dat ek weer in 'n goedkoop huisie bly, 'n skedonk ry, op 'n sofa slaap en 'n klein swart-en-wit TV-stelletjie het.

Ouer vroue is darem maar slim - hulle weet presies hoe om 'n ou man se probleme op te los!



'n Jong seuntjie sit op die toilet.

Sy ma kom agter dat hy darem al baie lank daar sit, en gaan stel ondersoek in. Hy sit op die troon, besig om 'n boek te lees. Maar elke tien sekondes of so maak hy die boek toe, hou die bak se ring met sy linkerhand vas en slaan homself met die boek in sy regterhand op sy kop.

**Ma:** "Paultjie, is jy oukei? Jy sit darem al lank hier."

**Paultjie:** "Ja, Mamma, maar ek het dit nog nie gedoen nie."

**Ma:** "Goed, jy kan nog 'n rukkie sit. Maar hoekom slaan jy jouself teen die kop?"

**Paultjie:** "Want dit werk met die tamatiesousbottel!"

# Só maak mens!

Deur RETHA KRUGER

## Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

### DOEKPOEDING

4 k meel  
1 k dadels  
1 ½ k suiker  
1 pakkie koeksoda  
3 eiers  
2 e botter  
1 t gemmer

Meng botter en suiker saam. Voeg eiers by. Voeg meel, gemmer en sout om die beurt met die dadels by. Maak die koeksoda met bietjie melk aan en voeg by. Skep die deeg in 'n bakkie met 'n deksel en plaas in 'n kastrol met genoeg spasie rondom. Vul met water tot so 2/3 van bo die bakkie se rand en stoom tot gaar vir sowat 45 minute op 'n medium hoë plaat. Water moet net heeltyd liggies prut. Vul water met kookwater aan indien nodig.

## STAMBOOM

### Help ons familiespeurders

#### **BOTES** [benivy@gwisa.com](mailto:benivy@gwisa.com)

Philippus Sephanus (Oupa) Gebore 30/04/1862. Oorlede 04/12/1922. Maria Susanna Margaretha (Nooiensvan Furstenburg) (Ouma) Gebore 17/06/1879 , oorlede 01/07/1959. Kind: (My ma) Maria Catharina Botes Gebore 03/01/1920 (Wolmaranstad-distrik, oorlede 07/10/1995 en getroud met Daniël Albertus Erasmus (my pa) gebore 24/05/1913 (Vryburg-distrik), oorlede 22/01/1982. Kinders van DA Erasmus en MC Erasmus (gebore Botes): Maria Susanna Margaretha, gebore 18/03/1940, Vryburg, oorlede 30/11/1953; Louwrence Daniel Erasmus, gebore 15/09/1941 te Vryburg; Maria Johanna Petronella Erasmus, gebore en oorlede 1943 te Klerksdorp; Phillippus Erasmus gebore 20/11/1945 te Klerksdorp; Ivy Erasmus, gebore 23/07/1948. Sal graag uitgebreide stamboominsigting wil bekom.

#### **DE JAGER** [r.jdejager@webmail.co.za](mailto:r.jdejager@webmail.co.za)

Ek is op soek na insigting rakende die De Jager-stamboom. Ek is Johannes Jacobus de Jager.

My pa is Abraam Johannes de Jager. My oupa is Johannes Jacobus de Jager, en my oupagrootjie was Abraham Johannes de Jager (oorlede ongeveer 1988).

#### **ERASMUS** [benivy@gwisa.com](mailto:benivy@gwisa.com)

Louwrence Daniel Erasmus (Oupa) gebore 04/03/1874, Oorlede 13/06/1953. Maria Johanna Petronella (Nooiensvan Kleu) Ouma gebore 30/03/1874, oorlede 17/06/1945. Kinders: Daniël Albertus Erasmus (My pa) gebore 24/05/1913, (Vryburg distrik), oorlede 22/01/1982. Getroud met Maria Catharina Botes, Gebore 03/01/1920 (Wolmaranstad Distrik, Oorlede 07/10/1995. Daniël Albertus Erasmus (My pa) gebore 24/05/1913 (Vryburg dist), Oorlede 22/01/1982. Kinders van DA Erasmus en MC Erasmus (gebore Botes): Maria Susanna Margaretha, gebore 18/03/1940, Vryburg, Oorlede: 30/11/1953. Louwrence Daniel Erasmus, gebore 15/09/1941 te Vryburg. Maria Johanna Petronella Erasmus, gebore en oorlede 1943, te Klerksdorp. Phillippus Erasmus gebore 20/11/1945, te Klerksdorp. Ivy Erasmus, gebore 23/07/1948. Sal graag uitgebreide stamboominsigting wil bekom.

#### **HERHOLDT** [wesselherholdt@telkomsa.net](mailto:wesselherholdt@telkomsa.net)

Eerste Herholdt in Suid-Afrika was Albrecht Johann Heinrich Herholdt van Butzow in Duitsland. Gebore ± 1718 land in S.A. 1739 as soldaat. Trou met Johanna Sophia Greyling in 1748. Hy is oorlede in 1764. Het 9 kinders gehad. Was meulpagter in Stellenbosch.

#### **OKKERS** [edward@novelmotor.co.za](mailto:edward@novelmotor.co.za)

Edward Johannes Okkers, Tiervlei, Parow.

#### **PALMER** [bokron@telkomsa.net](mailto:bokron@telkomsa.net)

Pieter Bernardus Palmer, seun van Henry William Palmer alias Musgrove en Isabella Johanna Adriana gebore Bantjes. Gebore 27 November 1875, te Lichtenburg. Oorlede 9 Mei 1958 en begrawe in Rustenburg.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Die geskiedenis  
lê vol  
weggoomatrasse

matras s.nw.

Plat sak wat op die raam van 'n bed pas, soms gevul met o.m. vere, kapok, hare of katoen, of dikwels voorsien van spiraalvere, of plat stuk skuimrubber met oortreksel.

Deur HERMAN LATEGAN

**T**oe ek skemeraand deur Seepunt se deurweekte strate stap, sien ek dit. 'n Weggoomatras, stokmoedersielleen op die sypaadjie. Die neonligte van 'n Chinese restaurant zoem en flits karnavalkleure oor die ingesonke blou stoffering.

Dit reën erdwurms, dis papnat. Toe wonder ek, hoeveel stories kan so 'n ou gehawende stukkie geskiedenis onthou?

Hoeveel verhale het hulle al op dááí springveermatras afgespeel? Baie staaltjies oor die liefde, natuurlik. Nagte van geknuffel tussen lywe, vreemd of bekend aan mekaar.

Ook van bemindes wat stry kry, 'n geskreue, later lywe koud en afsydig wat langs mekaar lê in stilte. Hulle albei wonder of die verhouding, die passie, die hele ou dêm boksemdais, die moeite werd was.

Hy lê en rook in die donker, sy met haar opgekrulde rug na hom. Wat bly dan nou oor van soene? Net liegstories en die lewelose katel met sy matras. Dalk het 'n vrou een nag daarop die lewe geskenk aan 'n baba, later op daardie einste kooi het sy slaapydstories vir haar kleuter gelees.

Of 'n strofe uit D.F. Malherbe se gedig: "Wat is die slaap 'n wondersoete ding!/Sag op haar blou oë daal die vaak/Soos maneskyn diep waterkuile raak/Om daar te droom in silwer skemering."

Daar is niks so rustig soos 'n kind wat stil op 'n bed vas aan die slaap raak nie. Hoe doodonskuldig lyk so 'n matras dan nie? Helaas, die lewe (en elke klapperhaarmatras) het ook sy donker kant.

Wat van die nagblom wat besluit het sy het genoeg gehad, haar -änder blom, haar hart se passieblom het finaal verwelk. Niemand het haar eintlik lief nie, haar sibiritiese kliënte walg haar. Sy wil nie meer aangaan nie, sy neem haar eie lewe.

Niks vreemds in Seepunt nie; die dood en die lewe haal hier skelm-skelm vlak langs mekaar asem. Dae later word haar lyk ontdek, die matras word in die son gesit om die reuk van die graf uit hom te kry.

Klara Fontein kyk al jare lank na ou missies Pearl Leibovitz, stokoud, bedlêend, maar taai soos -Kalahari-biltong.

Sy beveg die einde daaglik met 'n potjie gin rummy. Snags slaap Klara langs Pearl, op een bed, albei bang vir die donker, veral die gróót donker. Só kry elke matras maar sy eie stories.

Daarom dus mag ons hulle nooit weer sommer lukraak onder lakens toevou en van hulle vergeet nie. Want die leitmotief van lywe, elk met sy eie reuk en geskiedenis, lê in elke matras, oor die wye wêreld heen-, vasgeketting.

**Die volgende KAMMANUUS is op 8 JULIE**